

9 Augustus

Hebreërs 11

(Teks: 11:13b)

Waar toe het God my uitverkies? - 2

Die tweede wat met my gebeur as God my uitverkies is: ek word 'n vreemdeling en bywoner hier op aarde.

'n Vreemdeling tree vir ander ook vreemd op.

As God vir Abraham roep trek hy eenvoudig weg sonder om te weet waar hy sou kom.

As God hom beveel om sy seun te gaan offer doen hy dit gewillig en sonder murmurering omdat dit God se opdrag is.

Hy woon as vreemdeling in die beloofde land in tente, want hy het uitgesien na die stad van God wat fundamente het.

Onder 'n wolklose hemel bou Noag 'n ark, omdat hy vas geglo het in God se oordeel wat kom.

Met 'n onwrikbare geloof praat Josef van die verlossing van sy volk terwyl hulle as slawe in Egipte moet werk.

En tog het hulle as vreemdelinge en bewoners hul taak hier op aarde getrou en uitnemend verrig.

Abraham het die wapen opgeneem en Lot bevry.

Noag het eiehandig die ark gebou.

Josef het 'n ekonomiese plan vir Egipte geïmplementeer.

As vreemdeling in hierdie wêreld, as uitverkore kind van God, vervul jy getrou jou roeping, maar dan só dat jy anders leef en optree.

By die graf van jou dierbare kan jy van blydschap praat.

In 'n jaar van droogte, misoeste en teëspoed kan jy sê: "...noggans sal ek in die Here jubel" (Hab. 3:18).

As jy jousef swak voel, mag jy weet: nou is ek sterk (2 Kor. 12:10).

En in jou soms wankelrige geloofslewe hou jy hieraan vas: "Om te glo is om seker te wees van dié dinge wat ek hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ek nie sien nie" (Hebr. 11:1).

Sing Skrifberyming 24:7

Dr. A.N. Helberg (Dordrecht)